Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Glynis Schreuder
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Glynis.Schreuder@westerncape.gov.za | 021 467 2630

Lêerno.: 20230224-1836
Verwysing: 22/2/7/2

Kurrikulum VOO-minuut: 0002/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

Onderwerp: ***Wenke vir Sukses*-boekies vir Nasionale Senior Sertifikaat-kandidate in 2023**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het die *Wenke vir Sukses*-boekie vir elk van die Wes-Kaap se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) kandidate van 2023 saamgestel om hulle met hul eksamenvoorbereiding te help. Die boekie bevat studiewenke, eksamenwenke, beursinligting, 'n kursusoorsig van alle vakke, VR-kodes vir telematikavideo's en ander nuttige inligting.

2. Die digitale weergawe van die boekie kan via die volgende skakel verkry word: https://wcedonline.westerncape.gov.za/tips-success.

3. Boekies sal vir elke Graad 12-leerder gedruk word en sal aan die begin van Kwartaal 2 by die distrikskantore beskikbaar wees.

4. Om te verseker dat hierdie boekies doeltreffend benut word om kandidate met hul eksamenvoorbereiding te help, **moet onderwysers die inhoud van die boekie met hul graad 12-klasse bespreek** en kandidate aanmoedig om dit gedurende die verloop van die jaar optimaal te gebruik.

5. Toegang tot vorige NSS-eksamenvraestelle en nasienmemoranda kan verkry word by https://wcedonline.westerncape.gov.za/documents/Matric/matric-n/index.html.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12-opvoeders.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2023-03-01